LANTERN
SCHOOL OF EXCELLENCE
SKOOL VAN UITNEMENDHEID
LUXNOVA

Lanternskool, H/V Suidweg & Laer Hoofrifweg Lindhaven
Lantern School, CR South Road & Lower Main Reef Road Lindhaven
e-mail/e-pos: lanternschool@lanternschool.co.za
Privaatsak/ Private Bag X4 Westgate 1734
web: www.lanternschool.co.za
e-mail/e-pos: finance@lanternschool.co.za
TEL: 011 760-1096/7
FAX: 011 763-2282
e-mail/e-pos: theprincipal@lanternschool.co.za

Geagte Ouer / Voog

Ons verwys na die Algemene Jaarvergadering wat gehou was op **Maandag 6 November 2023,** waartydens die **Begroting vir 2024** goedgekeur en aanvaar is.

Ons maak graag van hierdie geleentheid gebruik om al die ouers wat hulle skoolgelde vir 2023 betaal het, hartlik te bedank vir hulle samewerking en ondersteuning.

## SKOOLGELDE IS MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR

**Dit wil sê: 10 paaiemente wat begin op 1 Januarie 2024**

**2024 SKOOLFONDS**

**R12 200-00**

**'n DEPOSITO VAN R1 220-00 PER KIND (die bedrag sluit boekgelde in) IS BETAALBAAR TUSSEN 1 NOVEMBER EN 31 DESEMBER 2023**

Ons bring graag die volgende onder u aandag:

1. 10 % Afslag per familie indien voor **17 Januarie 2024** opbetaal is.
2. 7½ % Afslag per familie indien voor **31 Januarie 2024** opbetaal is.
3. 5 % Afslag per familie indien voor **29 Februarie 2024** opbetaal is.
4. **Krediet- en debietkaart fasiliteite** is beskikbaar by skool se Finansieskantoor.

| |
|---|
| **1ste Kind – R12 200 p.j. = R1 220 per maand** |
| **2de Kind – R10 980 p.j. = R1 098 per maand** |
| **3de Kind – R10 980 p.j. = R1 098 per maand** |

**DUS: 1 Kind = R1 220 per maand**
**2 Kinders = R2 318 per maand en**
**3 Kinders = R3 416 per maand**

**NEEM ASSEBLIEF DIE VOLGENDE REëLINGS IN AG WAT BETREF DIE VEREFFENING VAN REKENINGE:**

- Agterstallige rekeninge van 2023 en vroeër, moet **ten volle betaal** wees vir leerders om te kwalifiseer vir handboeke.
- Skoolgelde is maandeliks **vooruitbetaalbaar** en moet teen die 7de van elke maand betaal wees.
- Betalings kan direk by die bank gemaak word en 'n afskrif van die depositostrokie kan aan rina.lagrange@lanternschool.co.za gestuur word. Gebruik asb. **die leerder se rekeningnommer of naam en van as verwysing op die deposito strokie.**
- **BANKBESONDERHEDE: ABSA ROODEPOORT – REKENINGNOMMER: 330 141 603 TAKKODE: 630 141.**

Aansoekvorms om **subsidie** is by die **Finansieskantoor** beskikbaar. Die **aansoeke vir 2024 sluit** egter aan die **einde** van die **derde kwartaal** en moet by Mev Rina La Grange ingehandig word.

- *Stawende dokumente moet die aansoek vergesel.*
- ***SKOOLFONDS IS DEURLOPEND DEUR DIE JAAR BETAALBAAR. ONGELUKKIG KAN 'N REëLING NIE AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR MET BV. BONUSSE GETREF WORD NIE.***

***REËLINGS I.V.M. BUSSIEVERVOER:***

Die brandstofheffing word op 'n aparte staat aangedui. Vervoer na en van die skool is nie 'n reg nie maar 'n bykomende diens wat deur **Lanternskool** aan ouers en leerders gebied word. Indien daar verdere verhogings in die brandstofprys gedurende 2024 plaasvind, sal die brandstofheffing sodanig aangepas word om lopende kostes te dek.

Die heffing moet maandeliks **vooruit** betaal word. Indien die **rekening nie betaal** is nie sal daar nie 'n kaartjie aan die leerder uitgereik word nie en mag hy/sy **nie van busvervoer gebruik maak nie.** Die heffing kan ook jaarliks **vooruit betaal** word.

Indien 'n buskaartjie verlore/gesteel is, kan leerders 'n **duplikaat kaartjie** by die finansieskantoor koop vir **R25**.

Die bedrag sal bepaal word volgens die afstand wat die leerder van die skool af bly.

**Tariewe per maand is as volg: (Word bepaal volgens afstand van skool):**

**Roete A – R774 p/m.** **Roete B – R905 p/m.**
**Roete C – R970 p/m.**

Die koste word per maand bereken en indien die leerder nie die volle maand ry nie, word **geen** afslag toegestaan nie. Indien 'n leerder nie langer van busvervoer gebruik maak nie, moet Mev La Grange asb onmiddellik in kennis gestel word.

**LW. INDIEN DIE BRANDSTOFHEFFING NIE STIPTELIK BETAAL WORD NIE SAL DAAR NIE 'N KAARTJIE AAN DIE LEERDER UITGEREIK WORD NIE EN SAL DIE LEERDER DUS NIE OP DIE BUS TOEGELAAT WORD NIE.**

Baie dankie aan die ouers wat hulle rekeninge ten volle vereffen het.

**Teken asb. die onderstaande skeurstrokie en stuur saam met u kind terug skooltoe.**

Enige verdere navrae kan gerig word aan **Mev Rina La Grange** by **(011) 760-1096/7**.

Die uwe

______________________________
**WAARNEMENDEHOOF**

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

Ek/Ons ______________________________ ouers/voog van ____________________________

in Graad _____ erken ontvangs van **Beheerliggaam Omsendskrywe** i.v.m. **skoolgelde** vir **2024.**

Ek aanvaar die verantwoordelikheid vir die maandelikse vooruit betaling van my rekening.

**HANDTEKENING VAN OUER/VOOG** ..............................................................

**ID NOMMER** ..............................................................

**KONTAK TEL. NO.:** ..............................................................